



## **NGB Artikel 4**

### **DIE KANONIEKE BOEKE VAN DIE HEILIGE SKRIF**

**Ons vat die Heilige Skrif in twee dele saam: die Ou en die Nuwe Testament. Dit is die kanonieke boeke waarteen niks ingebring kan word nie. Hulle getal in die kerk van God is soos volg: Die boeke van die Ou Testament, naamlik. die vyf boeke van Moses: Genesis, Eksodus, Levitikus, Numeri en Deuteronomium, die boeke Josua, Rigters, Rut, 1 en 2 Samuel, 1 en 2 Konings, 1 en 2 Kronieke (genoem Paralipomenon), Esra, Nehemia, Ester, Job, die Psalms van Dawid, drie boeke van Salomo: Spreuke, Prediker en Hooglied; die vier groot profete: Jesaja, Jeremia, Esegïel en Daniël; en vervolgens die twaalf klein profete: Hosea, Joël, Amos, Obadja, Jona, Miga, Nahum, Habakuk, Sefanja, Haggai, Sagaria en Maleagi; die boeke van die Nuwe Testament, naamlik.: die vier evangeliste: Matteus, Markus, Lukas en Johannes; die Handeling van die apostels; die veertien briewe van die apostel Paulus: aan die Romeine, twee aan die Korintiërs, aan die Galasiërs, die Efesiërs, die Filippense, die Kolossense, twee aan die Tessalonisense, twee aan Timoteus, aan Titus, Filemon en Hebreërs; die sewe briewe van die ander apostels: die brief van Jakobus, twee van Petrus, drie van Johannes en die brief van Judas en die Openbaring van die apostel Johannes.**

Enige gesprek oor die boeke wat as kanonieke boeke aangedui word veronderstel dat daar ander geskifte beskikbaar is wat nie in die Bybel opgeneem is nie. By 'n volgende geleentheid sal daar gehandel word oor die sogenaamde Apokriewe boeke.

Daar is verskeie sake wat in ag geneem moet word om die historiese waarde van die NGB in die algemeen, en artikel 4 in die besonder, raak te sien. Die eerste saak wat in ag geneem moet word is dat die vierde sitting van die konsilie van Trent etlike jare voor die opstel van die NGB sekere besluite geneem het wat ons verbasend vind. Een sodanige besluit is dat die Roomse kerk vir die eerste keer in die geskiedenis van die kerk 'n amptelike lys van die kanon opgestel het. Die identiteit van die Bybel was reeds goed gevestig weens die stryd teen Marcion (beperkte kanon opgestel) en die Gnostiese groepe (hulle het beweer hulle het geheime openbarings ontvang asook boeke wat nie algemeen beskikbaar was nie). Die kerk het in antwoord op hierdie kettters uitsprake gemaak oor die boeke van die Bybel, maar dit was eers te Trent dat die "amptelike lys saamgestel is. Tog het die kerk na 15 eeue geen reël of standaard daargestel om te bepaal watter boeke as Heilige Skrif verstaan moet word nie. Veral ten opsigte van die Ou Testament met die Apokriewe (Esoterica in Grieks) was dit problematies. Volgens mense soos Kim Riddlebarger was daar gereeld boeke soos die "Didaché" en "Die Herder van Hermas" in die Middeleeuse Bybels ingebind. Die Reformasie se denkers het die Apokriewe boeke verwerp omdat Jesus en die Apostels nie uit die boeke aangehaal het nie. Daar is ander redes wat ook aangehaal kan word, maar die kern van die saak is dat die Reformasie en die Roomse kerk oor die saak verskil het. Die Roomse kerk se besluite te Trent was in antwoord op die Reformasie, al sou Guido de Bres eers na Trent hierdie lys in die NGB publiseer. Die Roomse kerk se besluit om Apokriewe boeke op te neem in hulle kanon het te make met die regverdiging van onbybelse leerstukke wat die

Roomse kerk gehandhaaf het. Die Apokriewe het hierdie leerstukke deur hulle inhoud ondersteun. Die Reformasie se sola Scriptura is deur Rome verwerp omdat die Roomse denke tradisie as gelyke gesag wou handhaaf. Die historiese konteks maak dit belangrik om raak te sien dat die Roomse teologie kerk (en daarom tradisie) verstaan het as van groter belang omdat die kerk bestaan het voor die vasstel van die Skrif. Die Reformatore het klem gelê op die Bybel as die bron van leerstellige gesag. Die Reformatore se klem op die kanon as die produk van die inspirasie van die Gees staan teenoor die gedagte van die oppergesag van die kerk. Die kerk kan nie gesag gee aan die Skrif nie omdat die Skrif dit inherent reeds gehad het, die kerk kan dit bloot erken.

Die tweede historiese saak wat raakgesien moet word, is dat die Reformatore hulself duidelik teen die Anabaptiste wou posisioneer. Die Anabaptiste se koninkryk van Münster het vele prinse in Europa (verkeerdelik) rede gegee om die Protestante meedoënloos te vervolg. Wat het in Münster gebeur? Melchior Hoffman het daarin geslaag om vroeg in die 16e eeu beheer oor te neem van die stad Münster. Die stad het Anabaptiste verwelkom. Die Anabaptiste was gekant teen die owerhede van die dag. Die Anabaptiste was oortuig dat die einde van tyd aanbreek het. Hulle het die gesag van die Skrif ook verwerp en staat gemaak op nuwe "openbarings". 'n Radikale volgeling van Hoffman, ene Jan Matthys, het verkondig dat alle ongoddelike mense (mense anders as Anabaptiste) doodgemaak moet word in voorbereiding van die nuwe millennium wat sou aanbreek. Alle Protestante en Roomse lidmate is uit die stad gejaag. Privaat eiendom is gekonfiskeer en alle boeke (buiten die Bybel) is verbrand. In Christus se naam is wet en orde met chaos vervang. Johannes van Leyden, 'n selfverklaarde profeet, het homself tot

koning van die stad verklaar en 15 vroue geneem (onder andere ook die vrou van Matthys). Johannes het op 'n stadium naak deur die strate gehardloop en daarna vir drie dae en nagte in 'n trans verkeer. Die plaaslike biskop het hulp versoek vanaf omliggende stede en verskeie leërmagte het die stad omsingel. Baie lede van die Nuwe Israel het van honger omgekome voordat die stad ingeneem is. Nodeloos om te vertel dat Johannes van Leyden tereggestel is met warm yster stawe. Hierdie gebeurtenisse in Münster het vele Europese prinse die verskoning gebied om met militêre mag op te tree teen die Protestante. Dit was daarom noodsaaklik dat die Protestante standpunt duidelik gestel moes word teenoor die Anabaptiste wat lukraak met die Bybel omgegaan het. Terwyl Reformatore die Roomse dwaling verwerp dat die kerk se gesag voor die Bybel se gesag geag moet word, was dit net so belangrik om aan te dui dat hulle standpunt verwyderd is van die Anabaptiste se verstaan. Die Reformatore moes duidelik aandui dat die Anabaptiste se siening dat die Gees steeds direk met Christene kommunikeer nie vir hulle aanvaarbaar was nie, maar dat die inspirasie en gesag van die Bybel ononderhandelbaar is.

Dit is waar dat daar nêrens in die Bybel self 'n lys van boeke is wat deur die Bybel as gesagvol aanvaar word nie. Tog is die Bybel uitgesproke oor die aard van die kanonieke boeke, II Timoteus 3:16-17 "Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek, sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk".

Dit is ons oortuiging dat die 66 boeke wat in die Bybel opgeneem is, deur God aan ons gegee is. Enkele opmerkings oor die inhoudelike van artikel 4.

**Ons vat die Heilige Skrif in twee dele saam: die Ou en die Nuwe Testament.**

**Dit is die kanonieke boeke waarteen niks ingebring kan word nie. Hulle getal in die kerk van God is soos volg:**

Die Reformatore wil die oppergesag van die Bybel duidelik stel. Daarmee saam word dit ook duidelik dat die Bybel bepaal watter kerk God se kerk is. Die kerk bepaal nie die Skrif nie, die Skrif bepaal die kerk.

**Die boeke van die Ou Testament, naamlik:**

In wat volg, maak die Reformatore gebruik van die volgorde soos dit nie-amptelik gestel is. Die Jode het 'n ander volgorde gehandhaaf, te wete die volgorde soos in die TeNaG; Torah – wet, Nibiim – profete, Kitubim (K word sag as G uitgespreek) - geskrifte.

**die vyf boeke van Moses: Genesis, Eksodus, Levitikus, Numeri en Deuteronomium,**

Hierdie tradisionele aanduiding van die Torah word gehandhaaf, al is nie almal oortuig dat Moses hierdie vyf boeke geskryf het nie. Die klem is nie op Moses nie, maar op die vyf boeke van die wet.

**die boeke Josua, Rigters, Rut, 1 en 2 Samuel, 1 en 2 Konings, 1 en 2 Kronieke**

**(genoem Paralipomenon),**

Letterlik beteken die woord; “dinge wat uitgelaat is”, met ander woorde Kronieke word verstaan as aanvulling tot dit wat in ander boeke soos Konings geskryf is.

**Esra, Nehemia, Ester, Job, die Psalms van Dawid, drie boeke van Salomo: Spreuke, Prediker en Hooglied;**

**die vier groot profete:**

Ons behou vandag nog die onderskeid tussen die groot en klein profete. Die onderskeid tussen groot en klein profete het te make met die lengte van die boeke en verwys nie na die statuur van die profete nie. Die klein profete se boeke is korter en hulle fokus meer op 'n kleiner prentjie terwyl van die groot profete se boeke kosmiese betekenis het.

Dit is opmerklik dat Jeremia en Klaagliedere (van Jeremia) as een boek verstaan word in hierdie lys.

**Jesaja, Jeremia, Esegïel en Daniël; en vervolgens die twaalf klein profete:**

Die volgorde van die boeke verskil tussen die Hebreeuse (Tenag) en die Christelike (Bybel) samestellings. Hierdie is dieselfde 12 boeke wat gelys word.

**Hosea, Joël, Amos, Obadja, Jona, Miga, Nahum, Habakuk, Sefanja, Haggai, Sagaria en Maleagi;**

**die boeke van die Nuwe Testament, naamlik: die vier evangeliste: Matteus, Markus, Lukas en Johannes; die Handeling van die apostels; die veertien briewe van die apostel Paulus:**

Moderne navorsing stel dat Paulus heelwat minder van hierdie briewe geskryf het. Van belang is dat die boeke steeds in die kanon opgeneem word, ongeag die onsekerheid oor die outeur, veral omdat die Bybel intrinsieke waarde en gesag het wat deur die Gees bevestig word.

**aan die Romeine, twee aan die Korintiërs, aan die Galasiërs, die Efesiërs, die Filippense, die Kolossense, twee aan die Tessalonisense, twee aan Timoteus, aan Titus, Filemon en Hebreërs; die sewe briewe van die ander apostels: die brief van Jakobus, twee van Petrus, drie van Johannes en die brief van Judas en die Openbaring van die apostel Johannes.**